# RESENSIES/ REVIEWS

Coetzer, Wentzel

*Die noodkreet van jongmense wat hulself sny. Pastoraat aan die self-mutileerder [Self-sny, Cutting]*

(Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies, 2012). 116 pp. Sagteband. ISBN 978-0-8695-5197-4

Hierdie boek is die resultaat van jare se ervaring wat die outeur in sy beradingspraktyk opgedoen het. Self-mutilering is nie iets waaroor maklik gepraat word nie. Die kommerwekkende is egter dat dit ’n groeiende verskynsel is wat meer aandag van beraders behoort te kry. Hoewel die boek se titel verwys na “die noodkreet van jongmense wat hulself sny” word ook duidelik gemaak dat dit nie ’n probleem is wat net met tieners geassosieer kan word nie. Heelwat beroemde mense, onder meer Prinses Diana, het aangedui dat hulle by geleentheid hulself met opset gesny het.

Die boek gee in nege hoofstukke ’n uiteensetting van die uitdagings van self-mutilering, asook praktiese riglyne en pastorale perspektiewe op die hantering daarvan. Die mites rondom self-mutilasie word in hoofstuk een uitgespel. Self-mutilasie moet ondermeer nie met selfmoordpogings verwar word nie. In hoofstuk twee word die verskillende redes waarom jongmense self-mutilering toepas, uiteengesit. Hierin speel onder andere die gesinsklimaat ’n belangrike rol. Nuttige wenke word in hoofstuk drie gegee wat persone op die gevaartekens kan bedag maak dat iemand betrokke is by sulke gedrag. In hoofstukke vier en vyf word die belangrike rol van emosies en die dinamika van die proses van self-mutilering beskryf. Hoofstuk ses bied talle praktiese riglyne vir die behandeling van die slagoffer.

Die besondere bydrae van hierdie boek lê waarskynlik in hoofstuk sewe: Pastorale perspektiewe. Die spesifieke bydrae wat juis ’n pastorale berader of leraar in die genesingsproses sou kon speel, word uitgelig. Onder meer word na die rol wat ’n gesprek oor Jesus se bloed en wonde kan speel, verwys. Dit is ’n perspektief wat slegs die Christen berader sou kon benut. Die verhaal van ’n self-snyer word weergegee wat die rol wat gesprekke oor Jesus se bloed en wonde in haar genesingsproses gespeel het, illustreer. Hoofstuk agt waarsku dat terugvalle wel kan plaasvind, maar dat dit as nuwe groei geleenthede gesien kan word. Hoofstuk nege sluit die boek af met die positiewe getuienis van iemand wat wel genees is. In die bylae word nuttige diagramme asook verdere inligting oor organisasies, webadresse en boeke oor die onderwerp gevind.

Hierdie boek sal besonder bruikbaar wees vir predikante, jeugwerkers en enige beraders wat met gevalle van self-mutilering te doen kry.

Dr Lyzette Hoffman
Navorsingsgenoot: Departement Praktiese Teologie
Universiteit van die Vrystaat
Suid-Afrika

http://dx.doi.org/10.4314/actat.v32i2.19